

Finansiële inligtingsessie was leersaam

Op 13 September 2019 was daar 'n inligtingsessie gehou oor kapitaalwinsbelasting, boedelbeplanning en SARS. Dit was gehou deur Louise Snyman Rekenmeesters in samewerking met Steve Venter Finansiële Dienste by Louise Snyman se kantore in Luytstraat.

Jeremy Jonker druk egter uit dat die band tussen hulle en Louise Snyman daaglik versterk en hulle bevoorreg was om deel te wees van hierdie dag. Tydens die inligtingsessie het Mnr Jeremy Jonker van Steve Venter verduidelik hoe belangrik dit is om die regte dekking by polisse te verkry in die geval van ongeskiktheidsdekking en die bepaling van uitbetalings by die spesifieke polisse. Mev Louise Snyman het egter beklemtoon dat SARS deesdae fokus op klein en mediumbesighede. Sy het ook genoem dat die dieselrabat oudits daaglik toeneem en dat die korrekte rekords gehou moet word vir SARS anders word alle ontoelaabare dieselrabat eise teruggeskryf. Mnr Steve Venter het benadruk hoe belangrik dit is om boedelontleding te laat doen sodat vasgestel kan word wat die kapitaalwinsbelasting sal wees indien iemand tot sterwe kom en daar is grond- en of vaste bates betrokke by die boedel. Steve se beleid is egter om na 'n klient se behoeftes te kyk en sy bates te beskerm te beste vir hom. Oor die algemeen was dit 'n baie leersame praatjie oor sake wat mens nie altyd wil bespreek nie. Die belangrikheid daarvan is egter baie hoog.



Op die foto: Steve Venter, Louise Snyman en Jeremy Jonker.



A WORLD-CLASS PROVINCE DESERVES WORLD-CLASS INFRASTRUCTURE.

The South African road network exceeds 747 000 kms in total length, making it the longest road network in Africa and the 10th largest in the world. At SANRAL we appreciate that our network is one of the key contributors to our country's competitiveness in global markets.

Projects like KwaZulu-Natal's Mount Edgecombe interchange, the longest incrementally launched bridge in the southern hemisphere, guarantee our country a high level of mobility for people and goods transportation. The new four-level interchange facility provides at least two lanes on each of the major movements. It includes the implementation of directional ramps, eliminating the need for controlled signalisation, thus ensuring free flow of traffic in all directions. This is world-class infrastructure that links South Africa to the future.

SANRAL. Beyond Roads.

www.sanral.co.za



Reg. No. 2013/02014-20 In agency of the Department of Transport

SANRAL



BUILDING SOUTH AFRICA THROUGH BETTER ROADS

In die eg verbind



Fritz en Nicolene Weibach is getroud op 20 April 2019 te Leeuwoort Heilbron. Fritz is die seun van Wouter en Wilna Weibach van Heilbron en Nicolene is die dogter van Anita en wyle Jakes Naude van Heilbron. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033.